

# **Skrifbeskouing en Skrifhantering: perspektiewe op ‘n hermeneutiek van verwagting**

J Cilliers

(Universiteit van Stellenbosch)

## **ABSTRACT**

### **Views on and use of Scripture: perspectives on a hermeneutics of expectancy**

*In this article the intrinsic relationship between our views on and our use of scripture is proposed. This relationship is described in terms of two basic components of the reformed understanding of scripture, namely the accommodative and performative nature thereof. This is followed by an exposition of two fundamental misunderstandings pertaining to the abovementioned components as well as some suggestions for the profiling of a hermeneutics of expectancy.*

## **1 SÓ SKRIFBESKOUING, SÓ SKRIFHANTERING**

Enigeen wat die kerklike en teologiese debatte van die afgelope aantal jare<sup>1</sup> gevolg het, sal weet dat die kwessies van Skrifbeskouing en Skrifhantering ‘n brandende, en soms ook verdelende punt van bespreking was, en steeds is. Selfs net ‘n voëlvlug oor die kerkgeskiedenis toon dat Skrifbeskouing en Skrifhantering telkens in die sentrum van teologiese debatte, en selfs kerkbewegings en –skeurings gestaan het – ‘n aanduiding dat hierdie nog altyd ‘n uiters sensitiewe saak vir gelowiges was. Die aantal boeke en artikels<sup>2</sup> wat in die resente tyd hieroor hulle verskyning gemaak het, is oewerloos – weereens ‘n bewys dat ons hier raak aan ‘n hartaar van die

---

1 Die debat oor die gesag van die Skrif het veral sedert die tagtigerjare van die vorige eeu in NGK geleedere begin toeneem, alhoewel dit al sedert die bekende Du Plessis-saak (laat twintigjare) sluimerend was. Die tyd en energie wat die diskussies oor apartheid van die kerk gevra het, het waarskynlik verhoed dat dit vroeër aan die bod kom; vgl Theron (2003:150-151).

2 ‘n Aanduiding van die huidige belangstelling in hierdie onderwerp is die resente temas wat gelyktydig tydens die teologiese gespreksdae met die opening van die Teologiese Fakulteite van onderskeidelik die Universiteit van Stellenbosch (3 Feb 2008: *Woord van God, Woord van die lewe?*) asook die Universiteit van die Vrystaat (5 Feb 2008: *Een Bybel, baie lesings – wanneer begin die weë skei?*) gereël is.

Christelike geloof en teologie. Daarby kom nog die feit dat die beginsel van *sola scriptura*, saam met die ander *solas*, nog altyd van wesenlike belang vir Gereformeerdes was, en dus telkens intense debatte en teologiese verskilpunte na vore geroep het.

Die opmerkings<sup>3</sup> wat hier volg oor die intrinsieke verband tussen Skrifbeskouing en Skrifhantering word vanuit die perspektief van die Praktiese Teologie gemaak, dit wil sê onder andere vanuit die oortuiging dat daar 'n onlosmaaklike band tussen ons Skrifbeskouing en ons prediking, maar ook liturgie bestaan. Daar is niks wat ons bediening, of breër gesproke, ons geloof, teologie en getuienis só bepaal soos juis ons Skrifbeskouing nie. Die manier waarop ons die Skrif *beskou*, kleur die manier waarop ons die Skrif *hanteer* – dwarsoor die spektrum van ons Christelike bestaan. Ons beskouinge en verwagtinge van die *aard van die teks* wat ons lees, bepaal ons *leeshouding*, en uiteindelik ons *gehoorsaamheid aan die uitvoering* van die inhoud van hierdie teks (vgl Smit 2006:3).

In die lig van hierdie wesenlike relasie word in hierdie artikel gekonsentreer op die volgende: Eerstens, twee basiese kante van die muntstuk van die gereformeerde Skrifbeskouing (baie kortliks beskrywe); tweedens, twee gevolge van misverstande rondom hierdie (een) muntstuk, en derdens: enkele algemene opmerkings oor 'n hermeneutiek van verwagting wat voortvloei uit bogenoemde Skrifbeskouing.

## **2 DIE SKRIF AS AKKOMMODASIE**

Calvyn het dikwels geskryf oor die *aanpassing van God by mense*. Dit het alles te make met die pedagogiese motief in die heilsekonomie: ons sou God nie geken het as Hy Hom nie na ons toe neergebuig het en met ons op só 'n menslike wyse gepraat het dat ons Hom kon verstaan en kon weet dat Hy naby ons is nie. Sy Woord val nie op 'n geheimnisvolle wyse uit die wolke nie, maar kom tot ons in verstaanbare begrippe, grammatika en woorde (vgl. Berkouwer 1975:176). As gevolg van die swakheid van ons kapasiteit, praat God binne die grense van ons vermoëns: “*Because our weakness cannot reach his height, any description which we*

---

3 Daar is duidelike parallele tussen hierdie opmerkings en die verslag van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Algemene Sinode van 2002 oor Skrifgesag. Trouens, hierdie is 'n (selektiewe) poging om dit wat daarin bely word, in ander terme te vertaal en te vertolk.

*receive of Him must be lowered to our capacity in order to be intelligible. And the mode of lowering is to represent Him not as He really is, but as we conceive of Him*” (Calvyn Inst. 1/17/13; ook 1/11/3; 2/11/13; 2/16/2).

Waarskynlik het Calvyn gedink aan die verskynsel van akkommodasie soos dit alreeds in die Skrif geïmpliseer word, byvoorbeeld in uitsprake soos: *Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp nie* (Joh 16:12), of: *Iemand wat nog van melk lewe, kan nie saampraat oor wat reg of verkeerd is nie, want hy is nog ‘n kind. Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei* (Heb 5:13-14), ens. Die punt is: God pas sy kommunikasie met ons aan by ons resepsievermoëns; Hy neem ons só ernstig op dat Hy in die skoene van ons taal kom staan, kom inklim in die vel van ons begrippe<sup>4</sup>. Noordegraaf druk hierdie indaling as volg uit:

Het behoort tot het wezen van de openbaring dat Gods getuigenis vlees en bloed aanneemt in de geschiedenis en haar voortgang, dat Hij is ingedaald in de cultuurwereld van de tijd, in de belevingswereld van de antieke mens (wereldbeeld, historisch verstaan, sociale context). Dat heeft alles te maken met de aard van het spreken van God, dat gericht is op een ontmoeting met concrete, levende mensen... Gods openbaring is in de geschiedenis tot ons gekomen. De historiciteit van de openbaring is dus geen minpunt, maar door God zelf zo gewild.

(Noordegraaf 2003:12)

‘n Mens se eerste reaksie op hierdie *genade van akkommodasie*, kan sekerlik nie anders wees nie as een van dankbaarheid en verwondering. God praat só met mense dat mense kan verstaan! Sy Woord is histories, kontingent, aktueel, hoorbaar binne die koördinate van tyd en ruimte. So ver terug al as in die Ou

---

4 ‘n Mens sou waarskynlik ook die begrip *inkarnasie* hier ter sprake kon bring, maar wel met die voorbehoud dat die inkarnasie van Christus in die *sondelose* vlees plaasvind. Die Gees word daarenteen uitgesort in ons *sondige* vlees. Dit is ook van toepassing op die Bybelskrywers: hulle word, ook met die boekstaving van die Skrif, nie *sondelose* mense nie (vgl Sinodale Verslag 2002:201-210).

Testamentiese konsep *dabar Jahwe* tref ‘n mens hierdie beklemtoning aan: die woorde van die profete is uitdrukkinge van God se Woord, en as sodanig “*are not parts of a jig-saw puzzle; they are historical phenomena each with its own context in time and place... That which the prophets have to declare is always called the word of God. It is never called a word of God. Indeed, the latter expression would seem never to have occurred*”. (Köhler 1957:106). Die aard van die Skrif lê duidelik nie in die (histories ongeskonde) oordrag van “ewige waarhede” nie, maar van ‘n boodskap-in-die-tyd-vir-die-tyd. God se Woord is ter sake, is gepas, is “op datum”.

Maar, met laasgenoemde formulering stuit ons ook teen die problematiek van hierdie historiese en dus kontekstuele spreke van God. Die datum van God se spreke (soos geboekstaaf in die Skrif), die koördinate van tyd en ruimte lê histories gesproke ver agter ons. God het die waagstuk aangegaan om in te daal in ons menslike relatiwiteit, om Hom gevange te laat neem in ‘n aardse woord, om Hom oënskynlik taalmatig te laat vaspen.

In ‘n sin word hierdie aardse woord egter ook die *incognito van God se Woord*. Die aardse woord, waarin die openbaring tot ons kom, word in ‘n sin (sinne, woorde, grammatika!) die *verberging van die openbaring*. Elke prediker – of leser van die Bybelteks – wat erns maak met die feit dat God se Woord tot ons *in mensewoorde* kom, weet dat dit tegelykertyd ‘n onbegryplike wonder, maar ook ‘n uiters komplekse probleem is.

Want, die Skrifte is immers (vir baie lesers daarvan) in vreemde tale geskryf: Aramees, Hebreeus, Grieks. Dis geskryf deur mense wie se kulture, persepsies en omstandighede vir ons wat in die derde millennium leef, moeilik peilbaar is. Voeg nog daarby die feit dat ons as lesers nie anders kán nie as om met bepaalde voorveronderstellings die Bybel te lees nie, dit wil sê dat ons nooit ons subjektiwiteit kan kwytraak nie en dat ons denkraamwerke bewus of onbewus meespeel in ons lees en interpretasie van die Skrif, en dat hierdie raamwerke ook uitgelewer is aan ons omstandighede, verwagtinge en gemoedstoestande, dan verdiep die problematiek (vgl Dingemans 1991:75). Tussen ons en die Bybelse teks skuif daar immers soveel blokkasies in, verrys daar soveel hekkies waaroor ons moet heen, dat dit na ‘n onmoontlike saak lyk om tot die werklike, oorspronklike “boodschap” daarvan deur te dring. Hoe (op aarde!) hoor ons *God se Woord* in hierdie historiese dokument, só, dat dit ook vir óns op datum is, gepas en aktueel?

Indien die Bybelse teks werklik mensewerk is, dit wil sê, *as ons God se passie tot akkommodasie werklik ernstig wil opneem*, hoe hoor ons oor die newels van die geskiedenis, van diskontinuiteite van taal en kultuur, van redaksionele prosesse en kontekstuele persepsies, God se Woord vir *hier en nou*?

Hierdie vraag bring ons by die ander sy van die munt van gereformeerde Skrifbeskouing, naamlik:

### **3 DIE SKRIF AS PERFORMANSIE**

Gereformeerdes het nog altyd vasgehou aan die belydenis dat die Bybel méér is as 'n menslike dokument, dat dit ten diepste uiteindelik *God se Woord* verwoord. Oor hoe hierdie verwoording presies plaasvind, was daar nie altyd eenstemmigheid nie, maar dit het niks verander aan die oortuiging dat die stem van God wél oor die newels van die geskiedenis, die diskontinuiteite van taal en kultuur, die menslikheid en dus gefragmenteerdheid van persepsies tot ons kom nie.

Die Bybel is deur mense geskryf, en tog is dit nie bloot 'n leesboek nie (Noordmans 1930:75). Terwyl 'n mens sekerlik met reg sou kon wanhoop oor die kloof wat tussen ons en die Bybelse teks lê, 'n kloof in wie se dieptes die skepsis soos 'n draak lê en loer, word daar tog (telkens) vir ons 'n brug oor dié kloof gegee. 'n Brug wat ons nie alleen met ons (eksegetiese, historiese, sosiaal-retoriese, linguïstiese) metodologieë sou kon konstrueer nie, maar wat deur die Gees opgerig word.

Daarom het Gereformeerdes nog altyd so 'n swaar gewig laat val op die *testimonium spiritus sancti internum*, die verliggende werk van die Heilige Gees, sonder wie ons nie kan deurdring tot die boodskap van die Skrif nie. In ons benadering tot die Skrif handel dit nie alleen om die letters (*gramma*) nie, maar om die Gees, of, soos Luther dikwels gesê het, om die voetspore (*vestigia*) van die Gees in die teks (vgl Theron 2003:153 ev). Die kuns van die lees van (en prediking oor) die teks is om so getrou as moontlik in hierdie voetspore van die Gees na te loop, ten einde iets van die bedoeling, van die bestemming van die teks te verstaan. En die wonder is: wie só in die voetspore van die Gees loop, staan 'n kans om werklik ook tydens hierdie tog deur die landskap van die antieke teks, iets van die lewende stem van God self te hoor. Wie deur die Gees in die weefstuk van die teks ingewef word, wie deel word van die voeë en voue daarvan, mag daarin die tongval van God self hoor. IL De

Villiers (1972:15) se gedigie Skriflesing lê hierdie verband meesterlik:

*Ek lees van Dawid by Jerusalem se poort  
in Afrikaans soos ons in hierdie oord  
dit praat. Maar iets het bygekom en U  
herskep my Bolands tot die Woord*

Die Ou Testamentiese begrip *dabar*, wat só die historiese aard van God se spreke onderstreep, beklemtoon juis ook dat God se Woord en God se Daad één is. *God sê wat Hy doen, maar Hy doen ook wat Hy sê*. Die Woord van God word in-der-daad deur Homself vervul: Woord en Daad is nie twee onafhanklike fenomene nie, maar kan beskou word as 'n eenheid, as 'n *eenheidsgebeurtenis*.

Juis daarom het die Skrif 'n *performatiewe karakter*<sup>5</sup>. Daarmee word nie gesê dat dit meganies of outomaties werk nie, eerder sakramenteel. Die Skrif funksioneer nie as blote voorbeeldboek (*exemplum*) nie, maar as Boek wat die verlossing daadwerklik uitspreek (*sacramentum*). Luther het baie sterk hieroor gevoel, en waarsku meermale daarteen dat 'n mens die verhale en figure van die Bybel, helaas ook vir Jesus, in 'n Moraal verander, 'n Voorbeeld wat nagmaak moet word. Dit lei volgens hom onvermydelik tot allerlei vorme van moralisme. Nee, die Bybel vertel die verhale van die dade van die lewende God, maar op só 'n manier dat dit verlossing bewerk-stellig. Alleen wie hierdie sakramentele aard van die Skrif en dus van die evangelie van verlossing verstaan, kan (daarna) op 'n teologies verantwoorde wyse oor die aard en krag van Bybelse voorbeelde praat (vgl Möller 1983:23-29).

Maar, watter implikasies het die akkommoderende en performatiewe karakter van die Woord vir ons hantering daarvan? Voordat ons daarby stilstaan, moet ons eers let op twee basiese

---

5 Vgl die ervaring van Reinhold Schneider (1965:131; vry vertaal): "*Ek het op 'n Oukersaand die Heilige Skrif in Potsdam oopgeslaan - ek het dit as 'n knaap in die Lutherse vertaling gekoop - en ek moes ná enkele hoofstukke uitvlug op die koue, donker strate. Want dit was vir my duidelik: Onder aanspraak van hiêrdie Waarheid keer 'n mens se lewe om. Hierdie Boek kan 'n mens nie lees nie... jy kan dit net dóén. Dit is geen boek nie. Dit is Lewensmag. En dit is onmoontlik om ook maar net één reëltjie daaruit te begryp, sonder die besluit om dit ook uit te voer...*".

misverstande of eensydighede, wat hulle met verreikende gevolge wreek in ons hantering van die Skrif.

#### 4 TWEE BASIESE MISVERSTANDE

Die eerste misverstand hang saam met ‘n oorbeklemtoning van die akkommoderende, oftewel menslike aard van die Skrif. Dan word die Bybel inderdaad bloot ‘n leesboek, ‘n stuk literatuur wat bloot volgens die reëls van alle literatuur benader en verstaan moet word – en hierby bly dit. Die moderne liberalisme sou in hierdie kategorie geplaas kon word: as gevolg van sy diep menslike karakter word die Bybel as Woord van God nie ernstig opgeneem nie. Terwyl daar ‘n beheptheid met die letter van die Skrif kan wees, maak dit hulle juis blind vir die Gees in die letter (vgl Alg Sinode Verslag 2002:201-210).

Histories-kritiese en eksegetiese metodes en bevindinge kán helaas só hanteer word, dat dit mense nie alleen *wantrouig* maak oor die aanspraak dat die Bybel God se Woord is, of *verwarring* by gewone lidmate veroorsaak nie, maar kan veral ook predikers alle *vrymoedigheid* ontnem om die Bybel as God se Woord te verkondig. Die Skrif, en die sogenaamde teenstrydighede en wetenskaplike onjuisthede daarin, kan só krities beskou word, só aan repe getrek word, dat feitlik niks oorbly van die geloof dat hierdie Boek inderdaad anders is as ander boeke nie. ‘n Mens kan die literêre strata van die teks só dissekteer, die basiese inhoud (boodskap) daarvan só “weg-eksegetiseer” en inderdaad uitsny, dat jy – in terme van die Bybel as Woord van God – met ‘n leë boek oorbly (vgl Cilliers 1998:59).

Die tweede misverstand hang saam met ‘n oorbeklemtoning van die performatiewe, oftewel Goddelike aard van die Bybel. Dan word die realiteit (letterlikheid!) van die Bybel as ‘n menslik-geskrewe dokument só uit die oog verloor, dat die historisiteit en kontekstualiteit van God se spreke in die gedrang kom. Die moderne fundamentalisme sou op sy beurt weer in hierdie kategorie geplaas kon word, aangesien daar by hierdie groeperinge ‘n geneigdheid is om aanstoot te neem aan die konkrete historiese karakter van God se openbaring aan ons. Daarom word daar weggestaan van alle sogenaamde teenstrydighede en onwetenskaplikhede in die Bybel, óf deur dit te ontken, óf deur dit te probeer versoen met wetenskaplike en ander (bv. argeologiese) data. Só word gepoog om die Bybel as Woord van God te “red” (vgl Alg Sinode Verslag 2002:201-210).

In hierdie misverstand word nie met vrymoedigheid aanvaar dat God die *menslike* woord, met alles wat daarmee saamhang, deel gemaak het van sy openbaring nie. Die feit dat die menslike woorde in die Skrif hulle sin het, wat wel nie afgelei kan word uit die enkele woorde nie, maar uit die geheel waarin hulle voorkom, is binne hierdie raamwerk van denke moeilik verteerbaar. Daar sit iets ironies, byne tragies in hierdie eensydige benadering. Dit word immers gedra deur 'n sekere *eerbied* vir die Bybel as Boek, terwyl die *bedoeling*, met al die implikasies daarvan, gemis word.

Tussen die Skilla en Charibdis van bogenoemde twee uiterstes sal 'n weg gevind moet word, 'n weg wat beide kante van die munt honoreer. Letter en Gees mag nie teenoor mekaar afgespeel word nie. Wanneer Paulus verklaar: *Die letter maak dood, die Gees maak lewend* (2 Kor 3:6), degradeer hy immers nie die letterlikheid (menslikheid) van God se openbaring aan ons nie, maar maak hy heilshistoriese teenstelling: uiterlik teenoor innerlik, dood teenoor lewe, oud teenoor nuut, ensovoorts (vgl Theron 2003:153-156). Luther<sup>6</sup> kon sonder skroom verklaar:

So kosbaar as wat vir ons almal die Evangelie is, laat ons net so vashou aan die tale... Die tale is die skede waarin die mes van die Gees steek – hulle is die juweelkassie waarin mens die kleinood dra. Hulle is die beker waarin mens hierdie drank kry. Hulle is die provisiekamer waarin hierdie spys geleë is. Hulle is die mandjies waarin hierdie brokke brood en visse gekry kan word... Daarom is dit seker: waar die tale nie bly nie, daar moet ten slotte ook die evangelie ondergaan.

(Soos aangehaal in Theron 2003:156)

Wie ook maar net op één van die twee sye van die Goddelike en menslike kant van die munt te kort doen, verloor oneindig baie van wat die Skrif ons bied. Die vraag is nou: hoe beïnvloed só 'n geïntegreerde Skrifbeskouing ons Skrifhantering? Wat hier volg, is voorlopige riglyne:

---

6 Vgl ook Luther se opmerking dat die Skrif die kled is wat Jesus aangetrek het en waarin Hy toelaat dat Hy gesien en gevind word. Hierdie kled is só deurweef en só saamgevoeg tot 'n eenheid dat dit nie gesny of geskei kan word nie (soos aangehaal deur Barth 1956:484, vry vertaal).



## 5 PROFIEL VAN 'N HERMENEUTIEK VAN VERWAGTING

Vroeër is die opmerking gemaak dat ons beskouinge en verwagtinge van die *aard van die teks* wat ons lees, mede-bepalend is vir *hoe* ons hierdie teks lees, en uiteindelik ook ons *gehoorsaamheid aan die uitvoering* van die inhoude van hierdie teks. Hierdie proses van lees of benadering tot die Skrif noem ek kortweg 'n *hermeneutiek van verwagting*. Hierdie hermeneutiek staan nie teenoor byvoorbeeld 'n *hermeneutiek van agterdog en/of vertroue*<sup>7</sup> nie, maar is eerder aanvullend daartoe; trouens, na my mening is dit eerder 'n noodsaaklike konsekwensie daarvan.

Verwagting staan teenoor 'n afstomping wat sê: ons hét mos al die "ou-ou tyding" gehoor. Helaas, dikwels dra preke ook by tot hierdie *sindroom van afstomping of verveling* - preke waarin daar nie meer gehunker word na die verrassing van die genade wat om elke hoek en draai van die teks lê en wag nie. Dikwels is predikers nie meer soos kinders wat groot-oog, prewelend soos een wat die eerste keer begin lees, hulle volle afwagting op die teks fokus nie (Barth 1964:89-92).

Dit wil voorkom asof ons tot 'n groot mate die *kuns van verwagting* verloor het: ons eredienste en prediking is dikwels verwagtingloos omdat liturge, predikers én erediensgangers verwagtingloos geword het, in 'n soort geslote sisteem of kringloop vasgevang geraak het waarin daar nie meer ruimte en openheid is vir die onverwagse wendinge van God se teenwoordigheid nie. 'n Mens dink aan die klassieke tipering van die deursnee erediens, soos deur Annie Dillard (1982:40-41) verwoord:

I do not find Christians, outside of the catacombs, sufficiently sensible, aware of conditions. Does anyone have the foggiest idea what sort of power we so blindly invoke? Or, as I suspect, does no one believe a word of it? The churches are children, playing on the floor with their chemistry sets, mixing up a batch of TNT to kill a Sunday morning... It's madness to wear ladies' straw hats and velvet hats to church; we should all be wearing

---

7 Ruimte ontbreek om die rykdom van hierdie begrippe hier in besonderhede te omskrywe. Vgl. Ricoeur se interessante verbandlegging met iemand soos Freud (1970:32-36).

crash helmets. Ushers should issue life preservers and signal flares; they should lash us to our pews. For the sleeping God may awake someday and take offence, or the waking God may draw us out to where we can never return.

Maar wát is dit dan wat ons van die erediens en prediking verwag? Presies dít waarom ons tot dusver gepraat het, na analogie van die wesensaard van die Skrif: *dat God met ons in mensetaal sal praat; dat Hy akkommoderend, maar ook performatief (sakramenteel, verlossend) in ons midde sal wees*. 'n Mens sou dalk selfs omgekeerd kon sê: ons verwagting word gedemp presies wanneer ons in die strik van bogenoemde twee basiese misverstande rondom Skrifbeskouing trap. Wanneer ons die akkommoderende dimensie van die Skrif (en dus God se immanensie) oorbeklemtoon, raak die prediking en erediens só familiêr dat ons niks transedents meer verwag nie; wanneer ons die performatiewe dimensie (en dus God se transedensie) oorbeklemtoon, word die voer só hoog opgehang dat ons geen sinvolle verbande meer met die werklike lewe kan trek nie, en dus nie meer verwag om God se immanensie, sy *hier en nou* in óns werklikheid te bespeur nie. Só 'n onwerklike evangelie kan op die duur geen verwagting by mense skep nie, alleen maar moedeloosheid en resgnasie, of die volhou van 'n tradisie wat geen werklike betekenis (meer) het nie.

Dit is dus duidelik dat daar, soos reeds aan die begin aangedui, 'n duidelike verband tussen 'n mens se Skrifbeskouing (God se Woord in mensetaal) en jou Skrifhantering (met of sonder verwagting) bestaan. Die verwagtingloosheid van ons eredienste het baie met ons Skrifbeskouing en gevolglik ook Skrifhantering te make. 'n Mens sou selfs kon sê: dit gaan hand aan hand met 'n bepaalde instelling, 'n (hermeneutiese) *houding*.

Dit is nie maklik om hierdie *hermeneutiese houding van verwagting* te beskrywe nie, net so moeilik as wat dit is om die fenomeen van verwagting self te beskrywe. Moontlik sou die konstituerende elemente daarvan (kortliks en voorlopig) aangedui kon word met behulp van drie sleutelwoorde: *leeshouding*, *luisterhouding* en *leerhouding*. Hierdie drie konsepte kan in werklikheid nie van mekaar geskei word nie, en oorvleuel binne die prosesse van so 'n hermeneutiek van verwagting.

## 5.1 ‘n Hermeneutiek van verwagting: leeshouding

Verwagting vind nie in ‘n vakuum plaas nie. Dit ontstaan onder andere deur die lees van tekste, en die wyse waarop ons hierdie tekste benader. Hierin sit daar altyd iets paradoksaals: verwagting word geskep deur tekste, maar gaan dit ook vooraf. Die feit dat God se openbaring tot ons kom in menslike woorde, vra dat ons groot *erns met die Bybelteks as teks* sal maak, met ander woorde, dat ons alle (legitieme) metodes sal aanwend om die historiese, sosiale en linguistiese agtergronde van die teks beter te verstaan. Dit is die tragiese van bogenoemde fundamentalistiese misverstaan van die teks, dat dit daarna hunker om die “boodskap” van die Skrif te hoor, maar, omdat dit nie die menslike aard daarvan verreken nie, juis nie aan die (volle) rykdom daarvan blootgestel word nie.

Dis alleen wanneer ons nougesette aandag aan die teks skenk, wanneer ons die “huis” daarvan betree en op en af in die kamers en gange daarvan stap, dat ons werklik daarin “tuiskom”. Dis alleen wanneer ons die “wêreld” van die teks begin bewoon, dat ons die “waarheid” daarin begin onderskei. Dis alleen wanneer ons die “stemming” van die teks aanvoel (vgl Graves 1997:12 f.), dat ons iets van die “stem” daarvan begin hoor. Maar dit alles kan slegs gebeur as ons die teks werklik *as teks lees*. Daar is nie ‘n kortpad by die (historisiteit van die) teks verby nie. Die belydenis dat die Skrif God se Woord is, legitimeer op geen manier eksegetiese –, oftewel lees-luiheid nie.

Eugene Peterson (1995:109-110) spreek hom besonder sterk hieroor uit: “Entrusted as we are with proclaiming and teaching the text of Scripture, we are required to know as much about it as we are able from every quarter: grammatical, theological, historical. The exegetically careless pastor should be sued, if there were a way to do it, with the same diligence and on the same grounds as the surgeon who uses a septic scalpel”.

Kortom: Eerbied vir die Bybelse teks as sodanig maak die ambagtelike werk aan en met die teks nie oorbodig nie, intendeel: juis die aandag aan die (letter van) die teks roep om ‘n deeglike en toegewyde analise van die teks, om ‘n verantwoordelike leesstrategie met behulp van al die legitieme metodes wat tot ons beskikking is (vgl Noordegraaf 2003:18).

## 5.2 ‘n Hermeneutiek van verwagting: luisterhouding

Die blote lees van die Bybel, hoe onontbeerlik ookal, is egter nog nie dieselfde as om na God se stem te *luister* nie. ‘n Luisterhouding beteken ook meer as om net maar te *hoor* in die biologiese sin van die woord. Dit impliseer eerder openheid en ontvanklikheid vir die lewende stem van die evangelie (*viva vox evangelii*) soos wat dit opklink in die teks. Mouton (2007:81) praat selfs van ‘n hermeneutiek en teologie van luister, en konkludeer: “*It includes paying attention to, acknowledging, submitting to the paradoxical, life-giving authority of God’s words in human language*”.

Ricoeur gebruik die begrip “hearkening” (*l’écoute*) om te verwys na ‘n voor-etiese vorm van gehoorsaamheid – nog voordat jy (kan) doen, moet jy eers luister. Dit is ‘n modus van *wees*, voordat dit ‘n modus van *doen* word. In die luisterproses is ‘n mens nie meer in beheer nie, eerder afhanklik van dit wat jy ontvang. Ricoeur gaan selfs verder terug: voordat jy kan luister moet jy stil wees: stilte is die bron van “hearkening and obedience” (vgl Snodgras 2002:29).

Om werklik te *luister*, is om te hang aan die lippe van die teks, en hopelik ook aan die lippe van die prediker van die teks. Frederick Buechner (1977:22-23) beskrywe hierdie byna tasbare afwagting om die lewende stem van die evangelie oor die lippe van die prediker te hoor kom, op ‘n aangrypende wyse:

The sermon hymn comes to a close with a somewhat unsteady “amen” and the preacher climbs the steps to the pulpit with his sermon in his hand. His mouth is a little dry. He cut himself shaving. He feels as if he has swallowed an anchor... The stakes have never been higher. Two minutes from now the preacher may have lost his listeners completely to their own thoughts, but at this moment, the silence is deafening. Everyone knows the kinds of things he has told them before, but who knows what this time, out of his silence, he will tell them.

Ons lees die Bybel nie ter wille van die Bybel self nie, maar onder andere ook sodat ons luistervermoë opgeskerp kan word. Ons hang aan die lippe van die teks met die verwagting dat ons die stem van God soos wat dit opgeklink het in verskillende tye en plekke (en die maniere waarop mense daarop gereageer het), op só ‘n manier kan onderskei dat ons sy stem ook in óns tyd en situasie kan herken. Daarmee word nie gesê dat die Skrif kragteloos is sonder ons geloof

nie, intendeel, die Gees bewerk deur die Skrif juis geloof in ons, sodat ons die Skrif kan verstaan. Hierin lê onder andere die performatiewe krag van die Skrif, en met hierdie verwagting mag ons dit lees - dat dit die vermoë het om ons telkens te *onderrig, te verbly en te beweeg*, soos Augustinus al beweer het (vgl Froehlich 2004:5ev).

Hieruit is dit duidelik dat ons luisterhouding tegelyk ook ‘n *geloofshouding* behoort te wees: ons kan die Skrif immers nie sonder *geloof* benader nie – juis omdat dit ‘n Goddelike Woord is. Wanneer ons bely dat die Gees ons deur die Woord tegemoet tree en aan ons insig gee, dan kan eksegeese tog nie sonder geloof aangepak word nie. Met eksegeese-sonder-geloof kan jy sekerlik vele interessante insigte in die *Skrif* kry, maar dis alleen deur eksegeese-met-geloof dat jy die *openbaring* in en deur die Skrif begin begryp. ‘n Eksegeese-met-geloof sou inderdaad ook beskrywe kon word as *eksegeese-met-verwagting*.

### **5.3 ‘n Hermeneutiek van verwagting: leerhouding**

‘n Lees – en luisterhouding soos hierbo beskrywe, impliseer ‘n bepaalde *leerbaarheid* (“*teachability*”). Ons benader die Skrif met ‘n leerbare gees omdat ons glo dat dit God se Woord is, maar ook omdat ons weet dat dit tegelykertyd ‘n menslike Woord is! Die feit dat dit ‘n menslike Woord is, ingebed in geskiedenis en konteks, in ‘n vreemde taal en kultuur, bring mee dat ons nie al te maklik te kenne kan gee dat ons presies weet wat die oorspronklike bedoeling daarvan was nie. Ons kan die hekkies wat tussen ons en die teks lê, nie te gering ag nie, maar moet dit eerder in sy volle lading tot ons laat deurdring. Dit sal ons verhinder om met ‘n sekere vlotheid of ‘n bepaalde nonchalance die teks aan te pak of oor die historisiteit daarvan heen te snel om by die “geestelike Boodskap” uit te kom. Dis nie sommer so maklik om die afstand tussen ons en die teks te oorbrug, soos ‘n kind wat ligvoets oor ‘n modderpoeletjie spring nie. Hierdie realiteit bewaar ons van (bewustelike of onbewustelike) eksegetiese en hermeneutiese arrogansie.

Wie hierdie leerhouding inneem, weet ook dat elke lees – en luisteroefening subjektief is, en nie vry te pleit van voorveronderstellings nie. Juis daarom benodig jy die alternatiewe perspektief van die ander, om nader aan die rykdom van die teks te kom. Dis presies binne hierdie ruimte van lees en luister saam met ander, veral ook die gemarginaliseerde ander (vgl McAfee Brown

1984:3-5) dat leerbaarheid ‘n bate word wat verwagting ontsluit. Só, binne die ruimte van lees-en-luister-saam-met-ander, word die vele moontlikhede wat in die teks opgesluit lê, en uiteindelik die onmeetlike dimensies van die evangelie self, aan ons voorgehou op ‘n wyse wat ons mateloos verras, “ver bo wat ons bid of dink” (vgl Ef 3:18-20).

## 6 SLOT

Aan die begin van hierdie artikel is daarop gewys dat ons Skrifbeskouing deurslaggewend is vir ons Skrifhantering: só Skrifbeskouing, só Skrifhantering. Dit is ook duidelik dat daar waarskynlik altyd meningsverskille sal wees, ook binne gereformeerde kringe, oor die presiese wyse waarop die Skrif beide *beskou* en dus *hanteer* sou kon word. Dit is egter na my mening van belang dat ‘n mense se Skrifbeskouing en Skrifhantering gedra sal word deur ‘n *hermeneutiek van verwagting*, waarin die Skrif werklik gelees word met ‘n leer – en luisterhouding, wat ontvanklik is vir die geheimenis dat God deur hierdie teks in mensetaal met ons kommunikeer. Miskien sou hierdie hermeneutiese houding selfs as ‘n soort (geloofs) minimum beskou kon word vir die toenadering tot hierdie Boek, wat fundamenteel anders is en bly as enige ander boek.

Aan die ander kant: genadiglik is die krag van hierdie Woord nie afhanklik van die minimum óf maksimum van ons geloofshoudings nie. Dit is die Woord van God – in mensetaal.

### Literatuurverwysings

- Agenda vir die elfde sitting van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Pretoria 13-19 Oktober 2002, 201-210.
- Barth, K 1956. *Church Dogmatics 1/2*. Edinburgh: T & T Clark.
- , 1964. *Prayer and preaching*. London: SCM.
- Berkouwer, G C 1975. *Studies in Dogmatics. Holy Scripture*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.
- Buechner, F 1977. *Telling the Truth. The Gospel as Tragedy, Comedy and Fairy Tale*. San Francisco: Harper and Row.
- Calvin's Institutes. Florida: Mac Donald Publishing Company.
- Cilliers, J H 1998. *Die uitwysing van God op die kansel. Inspirerende perspektiewe op die prediking – om God te sien en ander te lèt sien*. Kaapstad: Lux Verbi.
- , 2004. *Die lewende stem van die evangelie. Nuut gedink oor die basiese beginsels van prediking*. Stellenbosch: SunMedia.
- De Villiers, I L 1972. *Leitourgos*. Kaapstad: Tafelberg – Uitgewers.

- Dillard, A 1982. *Teaching a stone to talk: Expeditions and encounters*. New York: Harper and Row.
- Dingemans, G D J 1991. *Als hoorder onder de hoorders... Een hermeneutische homiletiek*. Kampen: JH Kok.
- Froehlich, K 2004. "Take Up and Read". Basics of Augustine's Biblical Interpretation. *Interpretation. A Journal of Bible and Theology* 58(1) January 2004, 5-16.
- Graves, M 1997. *The Sermon as Symphony. Preaching the literary forms of the New Testament*. Pasadena: Judson.
- Köhler, L 1957. *Old Testament Theology*. Philadelphia: Westminster.
- McAfee Brown, R. 1984. *Unexpected News. Reading the Bible with Third World Eyes*. Philadelphia: Westminster.
- Möller, C 1983. *Seelsorgerlich predigen. Die parakletische Dimension der Predigt*. Göttingen: Neukirchen.
- Mouton, E 2007. Transmitting Hope in the New Testament, in: Vos, C, Hogan L L & Cilliers J (eds.). *Preaching as a Language of Hope. Studia Homiletica* 6. Pretoria: Protea Book House 2007, 73-87.
- Noordegraaf, A 2003. Hermeneutische vragen in de omgang met de Heilige Schrift. *Theologia Reformata* 46(1), Maart 2003, 8- 29.
- Noordmans, O 1930. *Liturgie*. Amsterdam: Holland.
- Peterson, E H 1995. *Working the Angles. The Shape of Pastoral Integrity*. Grand Rapids, Michigan: WB Eerdmans.
- Ricoeur, P 1970. *Freud and Philosophy. An Essay on Interpretation*. Transl. D Savage, Terry Lectures. New Haven, Conn: Yale University Press.
- Schneider, R 1965. *Verhüllter Tag*. Köln: Jakob Hegner.
- Smit, D J 2006. Interpreter Interpreted: A Reader's Reception of Lategan's Legacy, in: Breytenbach C, Thom J C and Punt, J (eds.). *The New Testament Interpreted: Essays in Honour of Bernhard C. Lategan*. Leiden: Brill, 3-25.
- Snodgrass, K 2002. Reading to hear: A hermeneutics of hearing. *Horizons in Biblical Theology* 24, 1-32.
- Theron, P F 2003. Die oudheid van die letter en die nuutheid van die Gees. Enkele opmerkings oor die Skrif as Lewende Woord. *Essentialia et Hodierna*. Oblata PC Potgieter. *Acta Theologia Supplementum* 3, 150-168.